

Geen vryheid sonder gelykheid en billikheid

Nico Koopman*

Hoe vry is Suid-Afrikaners werklik ná 27 jaar van demokrasie? Wat is die stand van vryheid in ons land? Durf ons praat van vryheidsvieringe? Hoort Vryheidsdag (27 April) op ons gemeenskaplike kalender? Behoort dit 'n fees- en vakansiedag te wees, amper soos 'n heilige dag?

Ons kan Vryheidsdag net vier as ons erken dat ons tot dusver gemengde sukses behaal het om vryheid in ons land te bewerkstellig. Gemengde sukses behels dat ons die vordering wat ons wél in die strewe na omvattende vryheid vir almal gemaak het, erken en vermeld, maar dat ons terselfdertyd die pynlike gebrek aan vooruitgang, en selfs die ágteruitgang, op ons reis na vryheid beken en by die naam noem.

In 'n land met voortdurende armoede, werkloosheid en ongelykheid kan ons Vryheidsdag hoogstens met gemengde gevoelens vier. Baie beskou Suid-Afrika as een van die ongelykste lande ter wêreld wat inkomste-, welvaart-, verbruiks- en tussengenerasiegelykheid betref. En ondanks 'n mate van vordering, is sosio-ekonomiese ongelykheid in die land grotendeels steeds ras- en geslagsgegrond.

In die lig van die hoë vlakke van ongelykheid kan ons Vryheidsdag slegs vier indien ons ons opnuut daaraan wy om ons vir gelykheid in die land te beywer. Die begrip 'gelykheid' word op verskillende maniere gebruik.

Ons is daartoe verbind dat alle mense gelyke waardigheid en waarde het, en gelyke agting, eerbied en respek verdien. Ons is verbind tot gelyke toegang tot menseregte, d.w.s. politieke en burgerregte, sosio-ekonomiese regte, en ontwikkelings- en natuurregte.

Nietemin gebruik ons nie gelykheid in absolutistiese sin nie. Weens verskille in potensiaal, talente en geleenthede, en verskillende vlakke van toewyding, dissipline en verbintenis tot harde werk, ontwikkel sekere vorme van ongelykheid wél. Tog behoort daar perke aan ongelykheid te wees. Ons kan nie, soos Thomas Shapiro, 'n Amerikaanse professor in die regte en maatskaplike beleid, sê, 'n toksiese ongelykheid hê waar miljoene van 'n lewe van menswaardigheid beroof word nie (Thomas Shapiro, *Toxic Inequality. How America's wealth gap destroys mobility, deepens the racial divide, and threatens our future*, New York: Basic Books, 2017). Op Vryheidsdag behoort ons oë opnuut oop te gaan vir die hoë vlakke van toksiese ongelykheid in ons land; vir hoe dit ons leefwêreld binnedring; vir die pyn wat dit daagliks veroorsaak.

Klik [hier](#) om die res van die geplaasde artikel te lees.